netwerk24.com

# Rapport sê: Lesers, koerante bestaan nie net op papier nie

Send to Kindle

’n Koerant is ’n gemeenskap in gesprek met sigself, het die gevierde dramaturg Arthur Miller gesê.

Dis ’n band tussen mense wat ’n wêreld deel, al ken hulle mekaar nie persoonlik nie.

’n Koerant is skok en skade gedeel met ander, humeure en oorhaastige reaksie getemper deur die geduld van papier. Dis die genot van ’n span wat wen of ’n gevatte sêding in jou taal. Dis rubriek- en briefskrywers wat mekaar aanpraat of aanpor in gesprekke wat stadig oor dae of weke ontvou.

Dis ’n pa wat ná ete wegraak agter die groot bladsye, soos sy pa gedoen het, en sy pa se pa. Of ’n ma met haar bril op by die eetkamertafel. Dis afleweraars, rolpers-werkers en klerke se brood.

In ’n wêreld wat vir baie mense te vinnig beweeg, is ’n koerant tydsaamheid.

Dis daarom ’n ramp as ’n koerant sterf, soos skyn onvermydelik te wees vir *Rapport* se susterkoerante, *Beeld* en *Volksblad.*

Koerantverkope het dramaties gedaal, deels omdat al meer mense verkies om hul nuus aanlyn te kry.

Ishmet Davidson, uitvoerende hoof van Media24, die eienaar van dié koerante, het die afgelope week aangekondig dat die maatskappy die twee dagblaaie finaal wil sluit. Die maatskappy se plan is om ook *Rapport*, *City Press* en *Daily Sun* se gedrukte weergawes te staak. As dit gebeur, sal die laaste uitgawe van *Rapport*

op papier einde September verskyn. *Rapport*, *City Press* en *Daily Sun* sal egter as digitale handelsname voortleef.

Media24 se ander twee koerante, *Die Burger* en *Son*, wat in die Wes-Kaap versprei word, sal wel steeds in gedrukte vorm verskyn.

Die besluit was onvermydelik. Om ’n koerant op papier te druk en dan af te lewer by winkels of huise in alle uithoeke, het eenvoudig onvolhoubaar geraak vir Media24. Koerantverkope het dramaties gedaal, deels omdat al meer mense verkies om hul nuus aanlyn te kry.

Dit is moeilik om te glo dat daar uiteindelik nie meer koerante gaan wees nie.

Hoe minder papierkoerante gedruk en versprei word, hoe hoër raak die koste van elke eksemplaar.

Dis ’n tendens wat nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd, die koerantbedryf onder geweldige druk plaas.

Dit is moeilik om te glo dat daar uiteindelik nie meer koerante gaan wees nie.
Vir baie van *Rapport* se getroue lesers sal die verdwyning van die Sondag-ritueel van koerantlees ’n groot leemte laat.

Daaroor is ons werklik jammer.

Maar ons hoop dat, as die papierkoerant verdwyn, ons koerantlesers saam met ons na die aanlyn weergawe sal migreer.

Ons het heelwat lesers wat die koerant al van sy eerste uitgawe af lees. Ons hoop om ook hulle op ons digitale reis saam te neem.

Net soos ’n kerk of ’n skool is dit ’n groot verlies wanneer ’n koerant sluit.

Sowat ’n derde van *Rapport* se lesers kry reeds die koerant aanlyn op Netwerk24. Vir hulle het *Rapport* op Netwerk24 reeds ’n nuwe Sondagritueel geword. Ons

redaksielede hoor gereeld van mense wat sê hulle loer kort ná middernag al op hul selfone om te sien “wat die koerant sê”.

Vir die liefhebbers van die gedrukte koerant gaan dit ’n moeilike afskeid wees, maar dis ’n afskeid wat hopelik gaan help om ’n volhoubare toekoms te skep vir Afrikaanse joernalistiek binne die grootste mediamaatskappy in die land.

’n Gesonde gemeenskap is ’n betrokke gemeenskap. Betroubare, onafhanklike nuus en debat is ’n belangrike faktor om mense betrokke te hou.

Net soos ’n kerk of ’n skool is dit ’n groot verlies wanneer ’n koerant sluit.

Maar koerante bestaan nie net op papier nie.

*Rapport* gaan op Netwerk24 die tradisie voortsit van vreeslose, onafhanklike joernalistiek onder die geliefde rooi *Rapport*-mashoof.

En ons hoop om u daar te sien.

Totdat ons laaste uitgawe op papier verskyn, sal hierdie redaksie voortgaan om koerante te lewer van gehalte, ware versamelaarsitems.

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/kommentaar/rapport-se-lesers-koerante-bestaan-nie-net-op-papier-nie-20240623